Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 9 Kaapstad, Woensdag, 19 April 1950 Prys 3d. No. 22

# STATEBOND VERRYK BRITTANJE MEER IN NUWE GEDAANTE

**„Baie mense verstaan nie die ingewikkeldheid van die nuwe Statebond nie, en ook nie die veel groter veld van samewerking in vergelyking met voor die oorlog nie," het die Britse minister van statebondsbetrekkinge, P. Gordon-Walker, verlede Saterdag gesê, toe hy verwys het na Brittanje se oorskot aan goud en dollars en in verband daarmee beklemtoon het dat dit nie Brittanje se werk alleen is nie.**

**„DIT IS 'N GROOT PRESTASIE VAN STATEBONDSAMEWERKING. 'n Groot deel van die prestasie was die gevolg van besluite wat gespruit het uit die byeenkoms van ministers van finansies van die Statebond verlede Julie.**

**„Ons stryd om ekonomiese onafhanklikheid teen 1952 is nie net 'n stryd deur hierdie land nie. DIT IS 'N STRYD DEUR DIE STATEBONDSLANDE WAT LID VAN DIE STERLINGBLOK IS."**

**Die O.B. het meermale al beklemtoon dat die Britse imperialisme nie die minste besorg is oor die statusse en benaminge van sy voormalige kolonies nie — of hulle nou „domoniums" heet of „republieke" en of hulle nou „presidente" het of „goewerneur-generaals" — solank hy verseker is van hul „sterke regterhande en lojale harte", soos die imperialis Joseph Chamberlain reeds in 1903 die nuwe verhouding met die groeiende kolonies aangestip het.**

**En nou kom sy opvolger van 'n halwe eeu later en sê dat die „vennootskap met die groeiende kolonies" nou — ten spyte van dominiale en republikeinse konstitusies — so ingewikkeld geword het dat hul samewerking 'n baie groter veld dek as voor die oorlog.**

**„So ingewikkeld", sê die minister, „dat baie dit nie verstaan nie" — en onder daar die „baie" is ook diegene wat meen dat 'n republiek met behoud van die Britse konneksie groter of self volkome vryheid beteken.**

# EMPIRE 'N HINDERNIS VIR EUROPESE SAMEWERKING

## Republikeinse Strewe Verkry Internasionale Betekenis

**Die beweging van groter Europese en Westerse eenheid in die gemeenskaplike stryd teen die Oosterse Kommunisme, vind vandag 'n lastige struikelblok in die bestaan van die Britse Empire, wat almeer die vorm van 'n internasionale partykoukus teenoor die res van die Westerse lande aanneem. In die besef dat hy op krag van sy Statebond sonder Europa kan klaarkom, is Brittanje baie ongeneë om tot groter Europese samewerking oor te gaan — trouens hy torpedeer daardie eenheid nog steeds met sy aftakelingsbeleid in Duitsland wie se mededinging hy vrees, tot ergernis van 'n groeiende Amerikaanse openbare mening.**

**Hierdie ontwikkeling van sake bring mee dat die republikeinse strewe in Suid-Afrika en ander dele van die Britse Ryk, nie meer net 'n huishoudelike saak is nie, maar ook van internasionale belang word. Die houding van die Amerikaanse huis van verteenwoordigers wat hom 'n paar weke gelede by wyse van 'n stemming oor Marshall-hulp aan Brittanje, skerp uitgespreek het teen die Britse verdeling van Ierland is 'n aanduiding van die internasionale steun wat die republikeinse rigting in die toekoms te wagte kan wees.**

Die Straatsburgse Vergadering of die Europese Parlement het verlede jaar 'n voorstel aangeneem om 'n konferensie te belê tussen verteenwoordigers van die parlement se Europese ledestate en afgevaardigdes van oorsese geassosieerde state om planne te beraam vir breëre Europese en oorsese ekonomiese integrasie en vir die daarstelling van 'n enkele beskermde mark.

Verlede week het die Ministerraad van die parlement die voorstel afgekeur omdat die tyd nie ryp sou wees vir so 'n konferensie nie en omdat die Marshall-hulp-plan se Organisasie vir Europese ekonomiese samewerking reeds 'n permanente ekonomiese konferensie daarstel. Hierdie redes is egter onsinnig omdat die Britse Dominiums glad nie op die O.E.E.S. verteenwoordig is nie.

### BRITTANJE KEER

**Berigte uit Londen werp egter die nodige lig op die weiering van die Ministerraad. Dit blyk dat die Britse regering beslis gekant is teen direkte samesprekings tussen die Britse Dominiums enersyds en ledestate van die Europese Parlement andersyds.**

Ernest Bevin, die Britse Buitelandse Minister, het aan Paul Spaak, die president van die Parlement, meegedeel dat die Britse Statebondskonferensie in Colombo besluit het dat ten aansien van die Europese Bond Brittanje die enigste skakel tussen Europese lande en die Britse Statebondslande sal wees.

### „FAMILIESAKE"

Die Londense berigte lui dat die Britse regering die standpunt inneem dat op 'n konferensie soos die Europese Parlement voorgestel het, netelige kwessies na vore kan tree — kwessies wat liewer in die intieme familiekring van die Statebond besleg moet word. As sodanige kwessies word o.m. genoem sterlingbalanse en die imperiale voorkeurstelsel.

**Hierdie standpunt verklaar trouens die Britse regering se onverskilligheid teenoor die vraagstuk van Europese eenheid.**

### KAN KLAARKOM

**Brittanje voel dat hy met behulp van sy statebondslande tot herstel kan kom. Derhalwe voel hy nie die behoefte om in samewerking met ander Europese lande te herstel nie. Terselfdertyd is Brittanje selfsugtig genoeg om die Statebondslande se hulp net vir homself toe te eien — vandaar sy weiering dat die statebondslande direk met die Europese state konfereer.**

### SOORT KOUKUS

Die situasie bly dus gehandhaaf waardeur Brittanje en sy Statebond 'n soort „koukus" is binnekant die raamwerk van die Westerse volke. **Westerse eenheid word hierdeur nie bevorder nie en daarom is dit verstaanbaar dat die mening ontstaan in Europa en selfs in die Verenigde State dat die Britse Statebond 'n ouderwetse struikelblok in die pad van Westerse eenheid is.**

**Die belangrike betekenis vir die Afrikanervolk van hierdie verwikkeling is dat republikanisme nie alleen 'n nasionale saak van praktiese politiek is nie, maar dat dit ook 'n praktiese kwessie in die internasiopolitiek geword het.**

# EMPIRE-REPUBLIEK BEVREDIG BRITTE

## *Malan Stel Smuts Gerus*

**Daar sal hoegenaamd geen teenstand in Engeland of in ander Statebondslande wees nie, indien Suid-Afrika besluit om 'n republiek binnekant die Britse Empire te word nie, het dr. D. F. Malan verlede week aan genl. J. C. Smuts gesê in antwoord op vrae van laasgenoemde.**

Die leier van die Opposisie, genl. J. C. Smuts, het in die Parlement vrae gestel aan dr. Malan oor die regering se houding insake 'n republiek en die implikasies van verandering van die regeringstelsel.

### WATTER REPUBLIEK

Genl. Smuts het gesê: Die Eerste Minister het (in onlangse toesprake) ook na die republiek verwys. Watter republiek word beoog? Is dit die republiek wat die Minister van Lande, mnr. J. G. Strydom, voorstaan — buitekant die Statebond; is dit wat spreker kan noem die „Indiese" republiek — 'n republiek binnekant die statebond; of is dit die republiek wat die Eerste Minister in 1941 en 1942 gepropageer het?

### IMPLIKASIES

Die Eerste Minister het gesê dat al wat nodig is, is om 'n verkose president in die plek van die Goewerneur-generaal te stel. Besef die Eerste Minister die implikasies hiervan? 'n Verkose president het die volk agter hom. Dit sal die Unie se grondwet omverwerp en 'n toestand skep soos in die Verenigde State, waar die President die uitvoerende gesag is, die werklike aktiewe gesag. Suid-Afrika se grondwet is heeltemal anders. Die kabinet tree hier onder die Parlement op. So 'n stap sal die hele grondslag van gesag verander en die kabinet sal 'n sekondêre orgaan word. Dit sal 'n rewolusionêre verandering wees, 'n verandering van die Unie se hele regeringstelsel.

### ANDER EMPIRE

Hierop het dr. Malan geantwoor: Dit staan in sy program van beginsels dat die Nasionale Party republikeins is. Die toespake van lede van die Opposisie toon aan dat hulle nie kan of wil verstaan nie, dat daar 'n geweldige groot ontwikkeling gedurende die afgelope tien jaar, plaasgevind het in die Britse Empire.

**Een belangrike ontwikkeling wat deur die Londense Deklarasie geskep is, is dat 'n lid van die Britse Statebond wat 'n republiek wil word dit kan word sonder om uit die Statebond te tree. Genl. Smuts is die enigste man in die Statebond wat hierdie ontwikkeling opponeer het.**

### GEEN TEENSTAND

Die jongste konferensie van die Statebond se Eerste Ministers het uitdruklik verseker dat daar geen teenstand in Engeland of in ander Statebondslande sal wees indien Suid-Afrika hierdie stap wil doen nie.

Die doel van die opposisie is om die republikeinse beweging met anti-Britsheid te identifiseer.

### JA OF NEE

Dr. Malan het gesê dat die verkryging van die republiek nooit 'n punt gemaak sal word by 'n gewone algemene verkiesing nie. Dit sal as vraag spesiaal voor die volk gelê word en elkeen sal die kans kry om daarop nee of ja te antwoord.

Op 'n vraag of dit 'n referendum beteken, het dr. Malan gesê dat dit op ander wyse ook kan geskied.

# RUSSE BOBAAS MET KIEMWAPENS

**Volgens die deeglik ingeligte blad Intelligence Digest is Rusland bobaas op die gebied van kiemoorlogswapens.**

**Gedurende die laaste week in Januarie is proefnemings gedoen op 'n plek ongeveer dertig myl ten ooste van Asjkhadad. Politieke gevangenis is as proefkonyne gebruik, en die wetenskaplikes wat daarmee te doen het was hoogs in hul skik met die uitslag. Dit het getoon dat die Sowjet ander lande ver vooruit is op hierdie gebied.**

**Voorbereidings word tans getref vir die grootskaalse ontwikkeling van hierdie metodes op 'n oorlogsgrondslag.**

# *Leërhoof Se Bedanking*

Lt.-genl. Len Beyers, voormalige hoof van die generale staf, het verlede week die redes vir sy bedanking openbaar gemaak.

Hy het gesê dat die Minister van Verdediging (mnr. F. C. Erasmus) terwille van persone in wie hy politieke vertroue stel, probeer het om die strategiese verspreiding van eenhede te verander en om offisiere en minderes te benoem, te bevorder en te verplaas sonder voldoende kennis van hul kwalifikasies en sonder erkenning van die generale staf. Hierdie optrede beskou hy as onkonstitusionele en ongeregverdigde inmenging in die funksies van die hoof van die generale staf, wat volgens wet opperbevelhebber van die Unie-strydmagte is.

Die verklaring wat die Minister in die volksraad oor sy bedanking gedoen het, beskou hy as onverantwoordelik. (Die Minister het verwys na verskil van mening oor die kwessie van deelname aan die parlementêre optog as 'n rede vir die bedanking van die generale stafhoof).

DIE O.B., WOENSDAG, 19 APRIL 1950

# KERKLIKE BESLUIT EN POLITIEKE UITVOERING

Die besluit van die kerklike konferensie voorverlede week in Bloemfontein waarin algehele segregasie as die enigste moontlike oplossing van die naturellevraagstuk aanvaar is, sal ongetwyfeld 'n kragtige momentum verleen aan die beweging in hierdie rigting. Soos die Eerste Minister tereg beklemtoon het, is die besluit geneem deur mense wat baie gedoen het vir die opheffing van die naturel, wat daagliks met hom te doen het en dus die reg het om hulle oor die vraagstuk uit te spreek. Volgens die aankondiging van die voorsitter van die konferensie, dr. G. B. A. Gerdener, is naturelle ten opsigte van die referate wat voor die konferensie gelê is, geraadpleeg. **Ons het dus hier 'n verteenwoordigende standpunt en die politici sal nie so ligtelik daarna kan verwys as „studeerkamer-idealisme" soos hierdie standpunt in die verlede dikwels vanaf die politieke verhoog afgemaak is nie.**

**Vanuit 'n beginseloogpunt beskou bied 'n beleid van algehele segregasie die groots moontlike basis vir ooreenstemming tussen alle blankes sowel as naturelle.** Van nasionale politieke kant is nog altyd gesê dat dit die liberaliste is wat die grootste struikelblok op die pad na oplossing van die naturellevraagstuk is. Liberaliste weer voer aan dat die huidige staatsbeleid, wat prakties neerkom op inskakeling van die naturel in die blanke samelewing veral ten opsigte van die ekonomiese lewe, **noodwendig meebring dat politieke regte ook aan die naturel gegee moet word. Daarenteen het hulle geen beginselbeswaar teen algehele segregasie nie. 'n Man soos wyle J. H. Hofmeyr het kort voor sy dood baie duidelik gesê dat hy algehele segregasie as die ideale oplossing beskou, maar dat dit onuitvoerbaar is. Verlede jaar het ook 'n ander vooraanstaande liberalis, mnr. Rheinallt Jones, baie uitdruklik verklaar dat hy algehele segregasie sal aanvaar as oplossing mits Suid-Afrika bereid is om die prys daarvoor te betaal.**

### STRUIKELBLOKKE

**Ons het hier dus 'n gemeenskaplike grondslag vir 'n Suid-Afrikaanse naturelle-beleid wat in beginsel aanneemlik is vir die uiterste teenstanders in ons politieke lewe vandag.** Die enigste moeilikheid wat oorbrug moet word, is die praktiese struikelblokke, waarvan die verskaffing van arbeid vir ons ontwikkelende nywerhede ongetwyfeld die belangrikste is. **Maar as ons eers saamstem oor die beginsel en ideaal, is die stryd al halfpad gewen.** Hoe die praktiese moeilikhede oorbrug gaan word, is dan 'n saak vir die politiek, maar die staatsmanne se hande sal baie gesterk wees as hulle weet dat hulle in 'n rigting beweeg wat geen prinsipiële teenstand het nie.

Dit is daarom jammer dat die Eerste Minister só uitdruklik sy party gedisassosieer het van die kerklike besluit. Hy het wel gesê dat daar in die rigting wat die kongres aangedui het, gevorder kan word, maar die ideaal self beskou hy as onprakties „in die heersende omstandighede." Die Burger het hierdie standpunt onderskryf deur te sê dat hoewel hy geneig is om saam te stem met die ideaalstelling van Sabra en die kerklike kongres, die politiek die kuns van die moontlike is. **Met ander woorde ons staatsbeleid word gebaseer op die struikelblokke en nie op die ideaal nie.** Dit is die struikelblokke wat ons rigting bepaal en nie wat ons beskou as reg nie, en ons regverdig hierdie standpunt met die verskoning dat politiek die kuns van die moontlike is.

### WAT IS MOONTLIK?

**Maar wat is nou die maatstaf vir die moontlike? Wat die Verenigde Party as onmoontlik beskou, aanvaar die H.N.P. as praktiese politiek. Besware teen „onmoontlikhede" van Verenigde Party-kant beskou die H.N.P. as blote „papbroekigheid".** Die Verenigde Party sê byvoorbeeld dat dit onmoontlik is om te onderskei tussen blank en Kleurling en op grond daarvan het hulle die wet op gemengde huwelike teengestaan. **Maar hierdie „onmoontlike" het nie verhinder dat die H.N.P. wel sy wetgewing deurgevoer het en ongetwyfeld ook sal toepas nie.** Die Suid-Afrikaanse Party het al die jare volgehou dat dit 'n saak van onmoontlikheid is dat Suid-Afrika eie nywerhede kan oprig. Dit sou dan skeel aan vakmanne en die nodige afsetgebied. Die Nasionale Party het teen hierdie „onmoontlike" struikelblokke voortgegaan en vandag roem selfs die Verenigde Party op Suid-Afrika se nywerheidsprestasies.

**Laat die politici liewer die ideaal onderskryf en dan in daardie rigting kruip, indien hulle nie kans sien om daarheen te loop nie, maar moenie die beleid baseer op die struikelblokke nie.** „Struikelblokke is daar om oorwin te word", het wyle genl. C. R. de Wet gesê. **Dit is die taak van die politiek om die stryd teen die struikelblokke te voer — nie om hulle as ankers te gebruik waaraan partybeleid vasgemeer word nie.**

Niemand sal beweer dat die regering die ideaal van algehele skeiding binne tien of twintig jaar kan verwesenlik nie. Dit is 'n saak vir baie jare, soos ook die kerklike kongres erken het. **Maar as die politici die ideaal nie as beleid aanvaar nie, dog wil aansluit by „die heersende toestand", dan beteken dit dat die fondamente wat hulle vandag lê, nie geskik sal wees vir die gebou van môre nie. Dan sal dit môre**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**nog minder moontlik wees om die eindideaal in praktiese politiek te omskep. Sodoende word ons steeds verder weggelei van die moontlike, en die uiteinde sal wees dat besluite soos dié van Sabra en die kerke 'n aanfluiting sal word as synde „studeerkamer-idealisme" selfs deur diegene wat dit vandag nog met agting bejeën.**

*Brief Aan My Partyvriend :*

# Trojaanse Perd Waarmee Vyfde Kolonne Gereeld Aan Mag Gestel Word

**Geagte Vriend,**

**Ek was verlede keer nog besig om aan te toon hoe verspot dit sal wees om met behoud van die huidige regeringstelsel die naam van die goewerneur-generaal te verander na president en hom dan deur die volk te laat kies.**

Ek het gesê dat ons die volk nie in beroering kan bring oor 'n rubberstempel soos die goewerneur-generaalsamp vandag is nie. Ons druf die volk nie opsweep onder die waan dat hy 'n Paul Kruger gaan kies terwyl hy inderwaarheid weinig meer kies as 'n buiksprekerspop van die kabinet nie — 'n man wat eenmaal per jaar sy verskyning in die parlement by die opening maak om 'n wetgewende program voor te lees wat die kabinet hom in die hand gedruk het.

**Ons wil 'n president hê nie omdat ons van die woord hou of omdat ons so lief vir verkiesings is nie, maar in die eerste plaas omdat die president vir ons 'n simbool van ons vryheid is in teenstelling met die Britse koning wat vir ons 'n simbool van ons onderworpenheid is.** Om dus die verteenwoordiger van die Britse koning te herdoop na president, **sodat die Britse konneksie net verbloem word in 'n Afrikaanse omhulsel,** is 'n daad wat op niks anders neerkom nie as politieke bedrog — hoe goed welmenend politici dit ook al mag bedoel.

### MOET REGEER

**In die tweede plaas dink ons aan die president as 'n gesagsdraer oor die volk — 'n man wat nie net beuselagtige pliggies soos hoeksteenleggings en onthale waarneem nie, maar wat positiewe leiding aan sy volk sal gee en met die nodige gesag beklee sal wees om te regeer, soos ons presidente in die Republieke aktief deelgeneem het aan die regering van die land.** Minstens moet hy regstreeks verantwoordelik wees vir die regering en periodiek by die volk verantwoording doen vir die bestuur van die land.

### EINTLIKE KONNEKSIE

Jy sal dus besef dat ons nie eers 'n president kan kry en daarna vryheid nie, en daar kan ook nie vryheid wees binne die Britse regeringstelsel nie. **Die Britse konneksie is nie net die Britse kroon of die Britse ekonomiese bande nie. Dit is vir 'n baie wesenlike deel die Britse instellings en solank ons hierdie instellings handhaaf en die benaminge verafrikaans, is ons besig om onsself te mislei.** Dit is soos 'n jong wat 'n paar blink swart Britse kunsleerskoene by sy baas gekry het. Toe dit maar nie wil vlot, met die verkeerde nommer boonop, nie, het hy te aardig gevoel om die skoene weg te smyt, maar in plaas daarvan die veters vervang deur sy ou skoenriempies. Jy sal besef dat hierdie poging nóg tot sy voorkoms nóg tot sy gemak bygedra het. Ons moet oppas dat ons nie dieselfde doen nie.

### BENAMINGE

As ons die benaming van die staatshoof wil verander om ons staat 'n meer Afrikaanse kleur te gee, bly daar nog 'n hele reeks ander oor wat verafrikaans kan word — ons kan bv. die „speaker" herdoop na „swyger" en sodoende 'n verband met ons Afrikaans-Hollandse verlede lê wat in jare nie veel terug hoef te staan vir die Britse „speaker" wat nooit of selde praat. Ons kan die „sergeant-at-arms" verdoop na „brandwag" en hom 'n moderne pak klere aantrek, **maar selfs dit sal nog niks verander aan die karakter van die Britse parlementêre stelsel nie.**

### STERK BAND

Laat ek baie kortliks my redes gee waarom ek die Britse regeringstelsel beskou as die wesenlike band van die Britse Empire. Jy sal miskien onthou dat toe Indië verlede jaar sy republikeinse status binne die Empire gekry het, dr. Malan in sy toespraak in die parlement daarop gewys het, dat Indië nie vir die Empire verlore is nie en **as een van die redes daarvoor het hy die feit beklemtoon dat Indië nog die Britse parlementêre stelsel handhaaf.** Ook die Cape Times het onderstreep dat daar twee belangrike bande is — **„eendersheid van belange en die aanvaarding van gemeenskaplike parlementêre instellings."**

### JUKSKEISPELER

Nou, waarom is die „gemeenskaplike parlementêre instellings" so 'n belangrike band? Dit is in die eerste plaas 'n sielkundige band. Jy ken mos die spreekwoord „soort soek soort." **Mense met dieselfde gebruike sal hulle nader aanmekaar verwant voel, en die feit dat die gebruike in Londen beslag gekry het en die verwantskap dus op Londen toegespits is, maak dit in hierdie geval 'n Empire-band.** Jy weet tog self hoe jy as jukskeispeler op 'n partytjie van jou neef sal naderskuif aan 'n ander jukskeispeler al is hy vir jou 'n vreemdeling. Julle sal dan baie nader aan mekaar verwant voel as met die tennisspeler wat eintlik nader aan jou woon. Jy sal selfs as hy die aand wil ry en uitvind dat hy nie genoeg petroltjies het om weer sy huis te haal nie, met 'n glimlag 'n gelling of wat uit jou motor oortap — net omdat hy ook so 'n geesdriftige jukskeispeler as jy is.

### TROJAANSE PERD

Maar afgesien van die sielkundige band van eenvormigheid is daar 'n sterk praktiese band wat ons aan die Empire hou deur middel van die parlementêre stelsel, wat die rol van Trojaanse perd speel. Soos ek reeds tevore al beklemtoon het, is hierdie regeringstelsel 'n draaiende wiel wat verseker dat geen party vir onbepaalde tyd aan bewind bly nie. **Elkeen kry 'n beurt om bo te kom, en as die Afrikaner se party bo kom, voel Londen nie die minste ontsteld nie, want hy weet sy party kom oor 'n paar jaar weer aan die beurt en intussen dien die nasionale oorwinning as 'n soort klep wat ons oortollige ontevredenheid uitlaat sodat ons vir 'n paar jaar lank weer soet en gehoorsame Empire-kindertjies is.**

### WOED UIT

Solank ons in die opposisie is, is ons rebels en dan gee ons net konsep-konstitusies vir die republiek uit en beduie ons net hoe ons die Empire-konneksie so en so gaan verbreek. Dan kan ons nie wag om aan bewind te kom nie, en as die verkiesing nader, gee ons uiting aan al ons veglus — nie teen die Empire nie, maar teen mede-Afrikaners. **Vir 'n maand of drie duur hierdie woede tot op die verkiesingsaand, wanneer ons al tam gespook is teen ons eie broers. Val ons party uit, is ons nog net waar ons was, maar wen ons die verkiesing, juig ons en voel dit of 'n leeftyd se strewe verwesenlik is. Met die energie wat na die kwaai verkiesingsoorlog oorgebly het, vier ons dan**

(vervolg op bladsy 3 kolom 3)

# BRITSE BELEID IN AFRIKA IN PAD VAN EENHEID

**Sir Godfrey Huggins, die Eerste Minister van Suid-Rhodesië het op 'n perskonferensie in Londen gesê dat die Britse regering se planne om vermeerderde politieke verteenwoordiging aan die naturelle van Tanganjika te gee nog heeltemal onvolledig is en dat die blanke inwoners van die gebied nie daaroor besorgd hoef te wees nie.**

Hy het geen vertroue in naturellestate in Afrika nie. Blankes is onontbeerlik vir vooruitgang, stabiliteit en doeltreffende bestuur. **„Dit is verspot om 'n gevaarlike wapen soos die stemreg in die hande van baar naturelle te plaas wat die ingewande van 'n bok bestudeer om oplossings vir hul probleme te kry," het hy gesê.**

Dit is ons standpunt, maar daar is heelwat mense in Engeland wat tog verlang dat politieke verantwoordelikheid op die naturel afgeskuif moet word. En ongelukkig verleen die pers baie publisiteit aan hierdie mense se sienswyse.

**Hierdie sienswyse is eers in Suid-Rhodesië beskou as maar net onprakties: in die jongste tyd egter is dit oorsaak van verwydering.**

**Die hele kwessie van die unifikasie van die Britse gebiede in Afrika word belemmer deur die verskil in uitkyk oor die naturellevraagstuk wat daar bestaan. Indien daar nie 'n gemeenskaplike opvatting verkry kan word nie, kan geen vordering met aaneenskakeling gemaak word nie.**

# Almal Wil Kleurvraag Volksaak Maak: Wat Is Dan Die Hindernis?

**„Dit is nou die tyd vir 'n nasionale konvensie oor die probleem van ons naturellebevolking", skryf mnr. Harry Lawrence, voormalige minister in die Verenigde Partyregering, in die Cape Argus. „Dr. Malan behoort sy moed in albei hande te neem. Hy behoort na die konvensie uit te nooi nie alleen genl. Smuts en verteenwoordigers van alle politieke partye nie, maar ook belanghebbende manne en vroue wat nie noodwendig aan een of ander politieke party verbonde is nie.**

**„Maar hy behoort nog verder te gaan. Die naturellevraagstuk raak nie alleen die Unie van Suid-Afrika nie, maar die hele Afrika. En ons wat in suidelike Afrika woon behoort 'n eenderse beleid oor hierdie vraagstuk te hê.**

„Die Unie van Suid-Afrika behoort in oorleg met Suid-Rhodesië op te tree in die formulering van 'n gesamentlike naturellebeleid vir die toekoms. Verteenwoordigers van Suid-Rhodesië behoort uitgenooi te word na die konvensie in die Unie in 'n poging om eenvormigheid van die twee lande se beleid te bewerkstellig.

„Ten aansien van ons meerrassige verhoudings moet blanke Suid-Afrika uit een mond praat. Maar ons kan dit nie doen nie sonder samespreking om eenstemmigheid te bereik nie.

### UIT PARTYPOLITIEK

**„Hierdie aangeleenthede (kleeurverhoudinge) kan nie behoorlik benader word in die lig van 'n plank in 'n partypolitieke program nie.**

**„Hulle is fundamenteel en vereis die noulettende en onbevooroordeelde aandag van die beste breinkragte in al die politieke partye. En hulle behoort behandel te word in 'n atmosfeer wat gesuiwer is van die partystryd en waar nasionale en nie seksionele belange nie, oorheers.**

### VOORWAARDELIKE AANBOD

„Dr. Malan sal sê dat hy al meer as eenkeer vir genl. Smuts die geleentheid gebied het om deel te neem aan gemeenskaplike samesprekings. Maar daar was altyd voorwaardes aan dr. Malan se aanbiedinge verbonde. Trouens die samesprekings wat hy aangebied het moes geskied op die basis van die apartheid soos uiteengesit in die H.N.P. se eleksie-manifes". Tot sover mnr. Lawrence.

Dis bekend dat dr. Malan reeds voorgestel het dat die kleurvraagstuk uit die partypolitiek gelig word. Min. Havenga se hele standpunt is 'n pleidooi daarvoor. Mnr. Harry Lawrence en ook ander opposisie-sprekers vra namens die Verenigde Party dat dit gedoen word.

En die Ossewabrandwag is dankbaar teenoor enig iemand wat die kleurvraagstuk 'n volksaak wil maak.

**Wie wil dit dan in die partypolitiek hou? Ons weet van niemand nie. Maar nogtans bly dit in die partypolitiek.**

## Woonskeiding

Die regering is voornemens om in die loop van die sitting wetgewing aan te neem wat woonbuurte-skeiding tussen verskillende kleurgroepe teweeg sal bring. Blankes sal byvoorbeeld verbied word om eiendomme te koop in woonbuurtes van nie-blankes en omgekeerd. Aan gesien bestaande eiendomme nie deur die wet geraak sal word nie, sal dit geruime tyd neem voordat hierdie beleid waterdig deurgevoer sal wees.

# KERKLIKE IDEAAL ONPRAKTIES SÊ H.N.P.-LEIER

**Nadat die Engelse pers 'n paar dae lank 'n verskil probeer uitwys het tussen die besluit oor algehele segregasie van die kerklike kongres in Bloemfontein en die beleid van die Herenigde Nasionale Party, het die hoofleier van laasgenoemde party, dr. D. F. Malan, verlede Woensdag in die parlement uitdrukking gegee aan die party se beleid, en wel beklemtoon dat sy party verskil.**

**Dr. Malan het hom as volg oor die vraagstuk uitgelaat:**

Daar is so pas die waardevolle kerklike kongres in Bloemfontein gehou. Dit is mense wat te doen het met die nie-blankes, wat die meeste verantwoordelik is vir die opheffingswerk en wat die nie-blankes ken en die reg het om te praat. Daar is nadruk op gelê dat die enigste gesonde en regte beleid dié van apartheid is. Daar is ook besluit ten gunste van algehele territoriale segregasie. As dit prakties uitvoerbaar is, sal elkeen erken dat dit die ideale toestand sal wees.

**Dit is egter nie die beleid van die Nasionale Party nie en dit staan nêrens in enige amptelike verklaring van die Party se beleid nie.** Ek het reeds tevore gesê dat algehele territoriale segregasie in die heersende omstandighede in Suid-Afrika onprakties is waar die ekonomiese stelsel vir 'n groot deel op naturelle-arbeid gegrond is.

### OORTOLLIGE NATURELLE

Wat is dan die beleid as erken word dat die naturelle altans vir 'n deel nog altyd saam met die blankes sal woon? In die eerste plaas moet met die toestroming van oortollige naturelle na die blanke gebiede rekening gehou word. Die toestroming van oortollige naturelle skep vraagstukke, en maatreëls is reeds geskep om daardie druk te verminder in soverre dit skadelik is, sonder om skade te doen aan die werkkragte. Daar kan gevorder word in die rigting wat die kongres aangedui het, maar daar is baie te doen. As die naturelle wat maar altyd in die blanke gebiede gewoon het, in die reservate tuisgebring moet word, moet baie meer grond as tans afgestaan word. Daar moet stappe teen die uitputting van die grond deur die naturelle self gedoen word. Hulle moet opgevoed word en die grond moet gerehabiliteer word. Dit moet langsamerhand en na die kragte van die blanke bevolking gedoen word."

In hierdie stadium het 'n V.P.-lid, mnr. G. J. Sutter, uitgeroep: „Kom sit aan hierdie kant, Doktor."

Dr. Malan het geantwoord dat die lid hom aan die verkeerde kant bevind.

(vervolg van bladsy 2 kolom 5)

**fees en hou braaivleisaande en elkeen voel so selftevrede soos 'n vetgevoerde kalkoen voor kersaand. En dan gaan elkeen na sy huis doodgelukkig dat ons nou weer „baas in ons eie land is". Dan vergeet ons dat ons eens op 'n tyd 'n republikeinse konstitusie opgestel het. Het dit jou nog nie opgeval hoe die republikeinse ideaal elke keer gekwyn het nadat ons 'n nasionale oorwinning by die stembus behaal het nie?**

### VAL WEER UIT

En dan hou ons maar aan met ons selftevredenheid tot by die volgende verkiesing of die een daarna, wanneer ons party weer uitval — **wanneer die wiel sy draai voltooi het — en die Empire-party weer aan bewind kom. Dan word al ons mooi werk van die afgelope jare weer afgebreek — ons kinders se voertaal op skole word weer Engels, die Indiërs kry weer stemreg, Afrikaners word weer uitgeskop in die staatsdiens, die Afrikaanse taal word misken, ens., ens. In kort, Londen se vyfde kolonne is weer baas en as daar oorlog uitbreek, word ons agter Brittanje se oorlogswa gehaak en Afrikanerbloed moet weer vir die Empire vloei.**

### BRUGGEHOOF

**Die Britse partystelsel is die bruggehoof wat waarborg dat 'n vyfde kolonne van Brittanje periodiek ons land binneval en hier huishou soos dit Britanje belief.**

**Daarom sê die O.B. volledige vryheid hou in die eerste plaas in 'n vervanging van die Britse stelsel deur 'n Afrikaanse stelsel van volksregering onder 'n verkose president — nie net naamsveranderinge nie.**

# BRITTE SOU DUITSE FABRIEKE VERSKAF AAN KOMMUNISTE

**Brittanje is besig om die ekonomie van Wes-Duitsland te verlam deur sy vrees vir mededinging en deur hierdie optrede speel hy reg in die hande van die Kommuniste.**

**Hierdie beskuldiging is deur senator Styles Bridges gedoen in 'n brief aan senator Pat McCarran, die Demokratiese voorsitter van die Amerikaanse kongres-komitee wat toesig hou oor geldelike hulpverlening in die buiteland.**

**Bridges het Brittanje ook daarvan beskuldig dat hy vragte afgetakelde Duitse masjinerie na Albanië stuur waar die Russe 'n reuse-duikbootbasis gebou het wat 'n bedreiging vir die Middellandse See-gebied is.**

Hy het voorts sy eie regering daarvan beskuldig dat hy hom ingelaat het in die nuwe Brits-Duitse handelsamesprekings omdat die V.S.A. bevrees is dat Engeland Duitsland in die sterlingblok sou indwing.

Bridges vra verder dat ondersoek ingestel word na die implikasies van die geheime getuienis wat onlangs deur John McCloy, die Amerikaanse hoë kommissaris in Duitsland, aan die senaat se toewysingskomitee voorgedra is, omdat hy veronrus daaroor voel en meen dat dit geopenbaar behoort te word.

**Verhuuringsbeheer** is verlede week deur die regering opgehef nadat dit sedert 1947 in swang was. Vernaamste rede vir die stap is dat daar so weinig huise onder die beheerde groep beskikbaar kom dat baie min van die duisende wagtende gesinne aan akkommodasie gehelp kan word. Elkeen moet nou vir homself sorg.





„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, **vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels.** Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, **Phil Morkel,** Posbus 2721, Kaapstad."






**PIONIERS**


**van Suid-Afrika se Sigaretnywerheid**

**VEERTIG jaar gelede moes Suid-Afrikaanse sigarette uitsluitlik van ingevoerde tabak vervaardig word. Die ontwikkelings wat die eie tabakblaar in staat gestel het om die ingevoerde produk te vervang, is die pionierswerk van die vervaardigers van Springboksigarette. Dit was hulle wat die, nou reeds geskiedkundige Departement vir Blaarontwikkeling, in die lewe geroep het, en Suid-Afrikaanse tabakboere met heelhartige geldelike en tegniese steun bygestaan het; hulle en Suid-Afrika se tabakboere het saam die fondamente van ons sigaretnywerheid gelê. As die oudste sigaretvervaardigers in die Unie, het hulle saam gegroei met die nywerheid wat hulle help vestig het.**

**Vervaardigers van**

**SPRINGBOK**

**Die Nasionale Sigaret**




US402

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### VERLOWING

**VOLSCHENK — VERREYNNE.**—Die verlowing word bekend gemaak van Sannie Verreynne en Phillip Volschenk, albei van Montagu.
19/4/1B

### GESERTIFISEERDE AUSTRALIESE BRUIN UIESAAD

**Vars Gesertifiseerde Australiese bruin Uiesaad** teen 9/-, Chantenay Wortelsaad 6/6, Detriot Beetsaad 5/6 per lb. Vra om volledige pryslys van **Premier Saadkwekers, Pk. Schoemanshoek.**
8/3/T.K.

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.**
C/1/9/49

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.**
A/1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar,** en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg **Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.**
(Nr.1) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.**
19/4/TK

## VERVOERDIENS

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**

**PAROW**

### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad.**
3/12/11

### TE KOOP

**Motorkar te koop.**—1948-Skoda. Gekoop Maartmaand, 1949. So goed as nuut. Slegs 12,000 myl gedoen. £300 of naaste aanbod. Skryf aan **Posbus 1411** of telefoneer 3-0881, Kaapstad.

### KAAS

Goeie kwaliteit gouda kaas direk van fabriek, in een en twee pond grotes teen 1/7 per pond. Pos of Spoorvrag ekstra. **S. P. Bekker, Kleinfontein, Tarkastad.**
12/4/2B

### RAMME

Veldgeteelde gladdelyf merino ramme, suiwer Pepler bloed, 2, 4 en 6 tande, ses maande wol sterk en goeie kwaliteit. Bekwaam en gesond. Prys £7/10/- stuk. **S. P. Bekker, Kleinfontein, Tarkastad.**
12/4/2B

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.**
19/1/TK

Nuwe seisoen sout in sterk sakke as volg:—
Spesiale sneeuwit 80/- per ton.
Sneeuwit No. 1 70/- per ton.
Wit No. 2 60/- per ton.
Wit No 3 50/- per ton.
Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6. Vry gelaai soutwerke vir tevredenheid en dadelike aflewering, probeer:— **M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. x4, Arbeidsloon, Bloemfontein.**

# ENGELSSPREKENDE, AFRIKAANS EN PARTYPOLITIEK

**„Republikein", Port Elizabeth, skryf:**

Vergun my asseblief 'n paar opmerkings in u geëerde blad na aanleiding van die berig in u uitgawe van 25 Januarie laaslede onder die opskrif „Nuwe Senatore" en die daaropvolgende brief van adv. Pohl in u uitgawe van 8 Februarie.

Ek besit nie dieselfde persoonlike kennis as adv. Pohl omtrent kol. Wynne nie en kan dus nie 'n opinie uitspreek oor die persoonlike eienskappe of afkoms van die kolonel nie.

Daar is egter sekere bewerings in die brief van die vorige skrywer waarmee ek nie kan akkoord gaan nie, onder andere die volgende: „Kol. Wynne het vir Afrikanerdom in Port Elizabeth meer gedoen as enige ander Afrikaner van Duits, Frans of Hollandse afkoms." Na my mening is die byrae wat kol. Wynne tot die Afrikanersaak gelewer het hoofsaaklik te vinde in die feit dat hy in 1949 tweekeer H.N.P.-kandidaat was en dat hy sedertdien aan die partypolitieke stryd deelgeneem het.

Moontlik beskik adv. Pohl oor meer besonderhede as bogenoemde, en ek sal bly wees indien hy sodanige inligting aan ons kan meedeel deur middel van u blad, want bostaande bydrae van kol. Wynne oor so 'n kort tydperk kan kwalik as van meer waarde beskou word as alles wat in die afgelope 15 of 20 jaar deur ander Afrikaners in hierdie stad verkry is vir die Afrikaner. Moontlik sal adv. Pohl dan terselfdertyd ook so goed wees om aan ons mee te deel wat kol. Wynne gedurende die jare 1939—1945 toe ons vervolg, vertrap en geminag is omdat ons geweier het om aan 'n vuil Empire-oorlog deel te neem, vir Afrikanerdom in Port Elizabeth gedoen het.

Ook wat adv. Pohl se bewering betref dat kol. Wynne grootliks bygedra het „om die waarde van dissipline te laat posvat onder ons jongere mense", sal ek graag meer besonderhede verneem, want na my mening is 'n partypolitieke platform nou nie juis die geskikste plek om die waarde van dissipline aan jongmense tuis te bring nie.

Na my mening het adv. Pohl die strekking van u berig ook heeltemal verkeerd vertolk. Ek het u berig vertolk, nie as 'n persoonlike aanval op kol. Wynne nie, maar eerder as 'n verwysing na die openlike en skaamtelose vryery van die H.N.P. na Engelse stemme en steun, en hulle byna wanhopige pogings en sodanige steun te verkry, selfs ten koste van die steun van welmenende en goedgesinde Afrikaners en republikeine (alhoewel nie Empire-republikeine nie!) Het ons dan nie in die jongste verlede gesien dat die H.N.P. al selfs bereid was om 'n Engelssprekende oudmatroos as kandidaat te aanvaar terwyl 'n man soos adv. John Vorster wat weens sy republikeinse en anti-oorlog-gevoelens in die Empire se tronk gestop is, nie goed vir hulle is nie?

Kan ek en baie andere dan kwalik geneem word dat ons met die Provinsiale verkiesings van die stembus af weggebly het? Is dit die manier om eenheid in hierdie land te verkry? Moet eie vlees en bloed dan verstoot word terwille van die vreemde?

Ten slotte meneer die redakteur, voel ek net soos adv. Pohl dat ons strewe behoort te wees om alle blanke seksies saam te snoer onder die leuse „Suid-Afrika Eerste". Maar advokaat, onder die huidige Britse partystelsel is so iets in ons land net so onmoontlik as wat dit vir die son is om in die weste op te kom. Mense soos kol. Wynne, hoe groot en hoe welkom hulle steun en bydrae tot die Afrikanersaak ook al mag wees, sal onder ons huidige politieke bedeling sover as dit die Engelssprekende gemeenskap aangaan, slegs stemme wees wat roep in die woestyn.

Vasgekoppel aan moeder Engeland en regeer onder 'n ingevoerde partystelsel sal jy van die deursnee Engelsman nooit 'n Afrikaner maak nie. Slegs in 'n vry en onafhanklike Suid-Afrikaanse Republiek, vry van die gehate Britse konneksie in alle opsigte en met 'n stelsel van volksregering, sal die Engelssprekende ook 'n Afrikaner met 'n Afrikaanse uitkyk op sake word.

Mag daardie dag spoedig aanbreek!

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# Teen Insypeling Van Naturelle

**Mnr. A. L. de Jong, Robertson, skryf:**

Ons publiek is erg onthuts oor die feit dat nou weer, nadat drie jaar gelede ernstige beswaar daarteen ingebring was, van Staatsweë 'n naturellelokasie aan Robertson opgedring word. Na die protesvergadering van toe is ons tans verplig tot die indiening van 'n petisie.

Ons is nie geneë om tot bou van hulle wonings verplig te word nie, 'n verpligting wat ten opsigte van die blanke en die kleurling nie bestaan nie. Hulle betaal nie belastings nie; kortom, hulle verwag blanke vergoeding in en vir alles.

Die openbare mening alhier begunstig plaaslike keuse, met ander woorde watter gemeenskap daarom verleë is, moet naturelle-arbeid kan bekom. Ons wil hulle nie toelaat om in ons ekonomie in te dring en in te sypel nie. Ons bou liewer sub-ekonomiese huise vir ons blankes en kleurlinge sodat hulle nie deur toedoen van die naturel, wat teen 'n daalder in die week kan bestaan en hoë lone vir swak dienste eis, uitgeskakel word en in swak grootstedelike buurtes tereg kom om daar te wag op die baantjies wat nergens heen lei nie in die verwagting dat hulle kinders en kindskinders eendag ekonomies kan klim.

# BELANGRIKE SAAK HET HULLE VERVEEL

Die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, het verlede Donderdag so 'n belangrike uiteensetting in verband met die vraagstuk van oorhandiging van die Britse protektorate aan die Unie in die parlement gegee dat genl. Smuts onmiddellik daarna aan die hand gedoen het dat die toespraak in die vorm van 'n witboek uitgegee moet word vir algemene inligting.

**Vir 'n groot deel van die parlementslede was hierdie belangrike oorsig van so weinig betekenis dat, volgens die Argus, voor die einde van dr. Malan se toespraak „baie lede weer die raadsaal verlaat het, terwyl ander besig was om te lees, briewe te skryf en ten minste een gesluimer het."**

Later in die aand, toe daar 'n reeks persoonlike en kleinlike aanvalle aan die orde was, was die „Huis" egter die ene belangstelling.

# ONS VRA U MEDEWERKING

## Versoek aan ons Lesers

**Ons vra hiermee die medewerking van elke leser van *Die O.B.* Die medewerking van elke man, vrou en kind. Ja, ook u medewerking!**

**Daar is nog honderde huisgesinne in Suid-Afrika wat graag elke week *Die O.B.* sal wil ontvang.**

**Wie is hulle?**

**Almal wat Republikeine is.**

**Almal wat na ware Volkseenheid strewe.**

**Almal wat wil help om dringende staatkundige, ekonomiese en maatskaplike hervormings teweeg te bring.**

**Trouens, almal wat saam wil marsjeer na die bestemming van die Afrikanervolk.**

**Sal u nie as skakel dien tussen hulle en *Die O.B.* nie?**

**Wat moet u doen?**

**Knip meegaande intekenvorm uit. Vul die nuwe intekenaar se naam en adres daarop in. Kollekteer 12/6 van hom of haar. Pos intekenvorm en geld aan Die Sekretaris, Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad. En die nuwe intekenaar sal die blad vir een jaar ontvang.**

**Sal u asseblief u medewerking verleen? Baie dankie.**

### Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van.........................*

*..............................vir die eerste........................maande.*

*NAAM*...................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*...................................................

...................................................

...................................................

...................................................

*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

# Rhodesië Gaan Optree Teen Grondmisbruik

**Suid-Rhodesië, wat dieselfde moeilikheid as die Unie ondervind met naturelle wat die grond verwaarloos en verniel, het tans wetgewing voorberei waarkragtens naturelle verplig sal word om hul grond behoorlik te bewerk of daarvan verwyder sal word. As 'n hulpmaatreël hiervoor word ook gedink aan die verskaffing van bykomende grond aan die reserwes waar naturelle wat nie geskik vir boerdery is nie, 'n stedelike bestaan kan voer.**

Die laasgenoemde maatreël sal egter nie so dadelik deurgevoer kan word nie weens gebrek aan die nodige masjinerie en geld op die oomblik, maar dit word tog as 'n deel van die plan beskou.

Sover dit blanke grondbesitters betref, bestaan daar reeds wetgewing wat die raad vir natuurlike bronne die mag gee om boere te verbied om grond te gebruik tensy hulle behoorlike metodes toepas. Daar word beoog om met die volgende sitting van die parlement die wet so te wysig dat dit voorsiening sal maak vir die skepping van 'n grondbewaringshof wat uitspraak kan gee in gevalle waar boere nie die beslissing van die raad wil aanvaar nie.

DIE
# Boerejeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 19 APRIL 1950

# Die Rol Van Die Kind In Ons Geskiedenis

(SLOT)

**DIE KONSENTRASIEKAMP-KINDERS**

Die treurigste deel van ons geskiedenis is seker die lyding van die kinders in die konsentrasiekampe.

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog was daar konsentrasiekampe opgerig op verskillende plekke soos Winburg, Bloemfontein, Aliwal-Noord, ens. Hierdie kampe is, soos ons weet deur die Engelse opgerig. Hierin is duisende vroue en kinders gevange gehou. Op brutale wyse is die weerlose vroue en kinders deur die „beskaafde" Engelse soldate van hulle plase weggeneem nadat hulle moes aanskou het hoedat hulle besittings verbrand word. In baie gevalle moes hulle ook sien hoe die wreedaards hulle vee lewendig verbrand in hul krale.

In hierdie konsentrasiekampe het vroue en kinders by hulle duisende beswyk aan siektes, honger en ontbering. Nie minder as 26,370 vroue en kinders nie het in daardie kampe gesterf, en die meeste was kinders. Dit is omtrent viermaal soveel as die burgers wat gedurende die oorlog dood is. Dit is verskriklik om aan hierdie grootskaalse kindermoord te dink.

Daar word vertel dat die tente, waarin hierdie vroue en kinders moes woon, so stukkend was dat die inwoners daarvan papnat was wanneer dit reent. Verniet het hulle gaan kla. Op brutale wyse is hulle beledig. Maar liewer het die siekes in hierdie tente gebly in die bitter koue, as om na die kamphospitale te gaan — weinig het lewendig uit 'n hospitaal teruggekeer.

Voedsel was nie volop nie. Die wat daar was, kon nie altyd met veiligheid geëet word nie. Daar word vertel dat fyn glas in die meel gemeng was.

Ons wil nie graag dieper ingaan op hierdie tragiese geskiedenis nie. Geen Afrikaner kan en sal hierdie massamoord ooit vergeet nie. Nog minder kan die ware Afrikaner ooit verbaster met die nageslagte van diegene, wat verantwoordelik was vir hierdie gruweldade. Ons kan net saam met die digter uitroep: „Hoe kan ons? Nooit kan ons die swaar vergeet nie. Die kale graftes roep: Onthou! Onthou!" Hiervan getuig die gedenknaald wat op die eensame koppies buitekant Bloemfontein staan as 'n voortdurende herinnering en hulde aan die groot smarte en lyding van die kinders van ons volk!

DIE EINDE.

# BRIEWE-KOLOM

Posbus 1411,
Kaapstad.
19 April 1950.

Beste Maats,

Ons het byna al begin dink dat ons maats nie meer belangstel nie, toe daar eindelik 'n briefie van een van ons ou maats opdaag.

**Maat Lenie de Klerk, Posbus 106, Upington,** skryf: Jammer om nou eers weer van my te laat hoor. Wel, ek was verlede jaar so erg met my briewe — mens weet nooit wanneer hulle dalk vervelig word nie.

Nuus is hier maar min, net dat dit nou hier baie mooi gereën het en dat alles nou weer baie mooi groen is.

U moet gladnie glo of dink dat, omdat ons so stil is, ons nie gereeld **„Die Boerejeug"** lees en dit geniet nie. Die vervolg-artikel vir offisiere was werklik interessant en leersaam en ons hoop om nog baie daarvan te kry. Ook die vervolgreeks oor „Die rol van die Kind in ons Geskiedenis" geniet ek baie. Werklik ons moet u gelukwens met wat u alles in die beperkte ruimtetjie aanbied.

(Dankie vir die brief en aanmoediging, Lenie, ons waardeer dit. Jy kan maar baie skryf sodat daar darem gereeld 'n Briewe-kolom kan verskyn. In verband met die kiekies, raai ons jou aan om maar direk aan Boerejeughoofkwartier, Posbus 3471, Kaapstad, te skryf.—Red.)

Hartlike Boerejeug-groete,
Die Boerejeug-Redaksie.

# BOEREJEUG-NUUS

**BELLVILLE:**

Alhoewel nie groot in getal nie, werk die Boerejeug van Bellville baie lekker saam.

Gedurende laaste jaar het ons hard gewoeker maar was aan die einde van die jaar in staat om nie minder as twaalf Boerejeug na die Monument te neem uit die fondse wat ons so ingesamel het. Ons kon dit natuurlik nie regkry as dit nie vir die bystand van die groot O.B.-kommando was nie en ons is hul baie dank verskuldig daarvoor.

Ongelukkig moes ons aan die begin van hierdie kwartaal afskeid neem van veldkornet Gerrit van Aarde wat na 'n ander voorstad verhuis het. Ons sal sy hulp baie mis, maar was egter baie gelukkig om in die persoon van Dan du Toit weer 'n veldkornet te verkry.

Die veldkornetskap kom, indien moontlik, gereeld elke Vrydagaand bymekaar behalwe as hul die Saterdagmiddag vir 'n uitstappie gaan. By die eerste samekoms hierdie jaar is die wisselbeker vir die persoon wat die beste bywoning gedurende die jaar getoon het, oorhandig. Dit is dan vir ons uiters aangenaam om mee te deel dat die beker hierdie jaar onder nie minder as ses Boerejeuglede die rondte moet doen nie. Die ses getrouste lede was: Annette en Christine Spengler, Betzah en André Cornelissen en Compie en Max Theron. Hierdie lede wil ons van harte geluk wens. Ons wonder of een van hul ses, of so nie, een van die ander lede wat nie so gereeld verlede jaar die byeenkomste kon bywoon nie, hierdie jaar die beker sal kry.

Omtrent veertien dae terug het ons een middag vir 'n uitstappie gegaan en toe ons nou 'n bietjie rus om die inwendige mens te versterk besluit Compie en Max Theron om 'n stukkie vleis wat hul saamgebring het, te braai. Ons ander klomp het so gewatertand dat ons daar-endan besluit het om die volgende Vrydagaand 'n onder-ons braaivleisie te hou sommer so in 'n agterplaas. Compie het toe vir ons die vleis êrens vandaan gekry en het ons nie lekker gesmul aan die skaars-artikel wat hul noem skaapvleis nie!!!!

# Opposisieparty Wil Australië Wit Hou

**„Australië sal nooit 'n land wees wat iets werd is as ons 'n volk van gemengde bloed word nie", het die voormalige Australiese minister van immigrasie, Arthur Calwell, op 'n konferensie van die Arbeidersparty gesê.**

**„Ons wil nie 'n baster-Australië hê nie. Hy moet wit wees. Ons beleid is in 'n sekere mate 'n rassebeleid. Laat ons maar rondborstig erken dat ons dit verdedig," het hy gesê.**

„Ek gee nie om dat Malakka vir die Maleiers of Indonesië vir die Indonesiërs is nie, maar ek sê Australië vir die Australiërs."

Die konferensie het 'n voorstel aangeneem dat die beleid van 'n „wit Australië" waarvoor die Arbeidersparty staan, ekonomies en maatskaplik in oorsprong is en nie gegrond is op rasseverhoudings nie.

Die arbeiders se maatreëls in belang van Australië se blanke voortbestaan, word tans deur die nuwe partyhewind weer fluks afgetakel as synde „rassediskriminasie."

# VERJAARDAG-KETTING

**APRIL**

19 Carla Frankot, Stellenbosch.
Johan Nel, Oudtshoorn.
Getruida Booysen, Kwaggafontein.
20 Gerda Smuts, Franschhoek.
22 Paulina Petzer, Stutterheim.
Herklaas Smit, Oudtshoorn.
Albert Pieters, Frankfort.
Jan Kilian, Middelburg, Tvl.
23 Jakobus van Niekerk, Wellington.
Elsa Nel, Hugenoot.
24 Maria Botes, Parys, O.V.S.
25 Aletta du Toit, Kirkwood.
Maryna de Beer, Kakamas.
Herman Bronner, Vryburg.

# KLEINGOED SE HOEKIE

**Posbus 1411,
Kaapstad.
19 April 1950.**

**Beste Maatjies,**

**Hierdie week het ons weer 'n paar briefies ontvang. Ons staatmakertjie, Coenie Theron, het selfs 'n nuwe maatjie vir ons gewerf. Hier volg nou die briewe:**

***Coenie Theron, S.A. Spoorweë, Koffiefontein,*** **skryf: Liewe Boerejeug-Redaksie, Theo Schoombie wil ook graag 'n maatjie word van ons hoekie. Ek stuur sy briefie saam. Ons gaan met die vakansie na my Oupa se plaas. Dan leer my Pappie weer vir my perd ry. Ek skryf vandag so gou want Theo was so bly toe sy Mammie ja sê dat hy sommer dadelik begin skryf het. (Baie dankie vir die nuwe maatjie en die briefie, Coenie. Jy is sommer baie fluks. Ons hoop dat jy die vakansie by Oupa baie geniet het. —Omie).**

***Theo Schoombie, Koffiefontein,*** **skryf: Liewe Boerejeug, Coenie se kenteken is vir my baie mooi. Kan ek ook 'n maatjie word? Ek was die 12de Maart 8 jaar oud. Ek is in Std. 1. Ek het Coenie se briefie in *Die Boerejeug* gelees en toe gaan vra ons gou vir Mammie of ek ook kan skryf en was so bly toe sy ja sê. (Baie welkom Theo! Ons hoop jy gaan sommer nog baie lank 'n maatjie van ons Hoekie bly. Een van die dae stuur ons vir jou ook so 'n mooi kenteken soos dié van Coenie. — Omie).**

**Soos ons belowe het, gaan ons hierdie week vir julle 'n mooi storietjie vertel. Dit is 'n ware verhaaltjie en ons hoop dat julle dit baie sal geniet.**

**Omie se brief raak nou baie lank en ons sal maar moet ophou anders is daar gladnie meer plek vir die storie nie.**

**Hartlike Boerejeug-groete,
Omie.**

## SY WAS GETROU

**Baie jare gelede was daar 'n ou dogtertjie met die naam van Raggie de Beer. Sy het saam met haar Mammie en Pappie en haar klein Boetie op 'n plasie in die Drakensberge gewoon.**

**Dit was winter en daardie wêreld is seker die koudste in die hele Suid-Afrika. In die winter is daar byna altyd sneeu op die berge en die yskoue winde wat daar waai voel asof dit deur jou hele lyf sny.**

**Een aand was een van Raggie se Pappie se kalwers weg. Hy kon die arme ou kalfie nooit in die bitter koue laat bly nie, want hy sal seker doodgaan. Haar Pappie besluit toe om die kalfie te gaan soek en vra vir Raggie om naby die huis rond te soek vir die kalfie.**

**Sy neem haar Boetie saam met haar. Die kapok het begin val en dit het donker geword. Raggie was baie jammer vir die arme kalfie en soek maar verder. Toe dit baie donker was en hulle die ou kalfie nêrens kon kry nie, besluit hulle om huistoe te gaan, maar o wee, hulle weet nou glad nie waar die huis is nie. Dit is so donker en koud en hulle kan hul spoortjies gladnie sien nie.**

**Raggie se Boetie bibber van die koue en hy huil so dat sy glad nie weet wat om te maak nie. Sy is self ook baie hartseer maar durf nie vir haar Boetie laat agterkom nie want dan sal hy nie ophou huil nie. Na baie gesukkel kom hulle by 'n groot miershoop uit. Raggie onthou nou dat haar Mammie altyd 'n mierhoop uitgehol het om brood in te bak. Sy soek gou vir 'n skerp klip en begin daarmee die mierhoop uithol.**

**Sy sit haar half-verkluimde Boetie daarin en trek al haar kleertjies uit en maak hom lekker warm toe. Sy gaan toe met haar kaal lyfie voor die bek van die miershoop lê sodat die koue kapok en wind nie by haar Boetie kan kom nie.**

**Die volgende oggend het haar Pappie en die kaffers hulle daar gekry. Hulle het reeds die hele nag deur gesoek. Raggie se liggaampie was styf en yskoud. Sy was dood. Maar binne-in die miershoop was haar Boetie en hy het nog gelewe. Sy het haar eie lewetjie gegee sodat haar Boetie aan die lewe kon bly. Sy was getrou tot in die dood.**

**Sal ons ook so getrou wees soos klein Raggie? Kom ons probeer van vandag af eers in die ou klein dingetjies getrou wees. In die klein werkies wat Mammie en Pappie vir ons gee om te doen, dan sal ons later ook in die groot dinge getrou wees soos klein Raggie de Beer.**

# Algehele Skeiding Nodig Sê Kerk

**Die Kerklike Kongres van die gefedereerde N.G. Kerke insake die naturellevraagstuk wat van 4 tot 6 April in Bloemfontein gehou is, het 'n beleid neergelê van „uiteindelike totale skeiding" en van die „aparte gedifferensieerde ontwikkeling" van die rassegroepe in land „elk volgens eie aard, karakter en aanleg."**

**In die referaat wat die besluit voorafgegaan het, word verklaar dat daar volgens algemeen gangbare beskouinge in die land drie moontlike weë is wat gevolg kan word om groter geluk aan die blankes sowel as die naturelle te besorg.**

Die eerste is totale integrasie. Dit word egter verwerp as geen oplossing nie. **Inteendeel word verklaar, dis juis een van die oorsake van die probleme waarmee ons vandag worstel.**

Die tweede is gedeeltelike skeiding. Voorstanders hiervan pleit gewoonlik daarvoor dat die naturel ekonomies ingeskakel of geïntegreer word, maar dat hy polities en maatskaplik geskei word. Dit is met ander die ou kleurslagboombeleid, lui dit verder, alhoewel daar geen duidelikheid is oor hoever die ekonomiese integrasie moet gaan nie. So 'n skeiding is egter op die lang duur nie moontlik nie en sal net soos in die geval van 'n gewone beleid van integrasie, tot hewige botsings en spannings aanleiding gee, **wat ook daartoe kan lei dat die hele ekonomiese struktuur van die blankes op 'n kritieke oomblik lamgelê word.**

### TOTALE SEGREGASIE

Die derde is totale apartheid. In hierdie verband lui die referaat dat die dure plig van die blankes as voogde van die naturelle om ook aan die naturelle alle kanse en geleenthede te gee om ekonomies te ontwikkel sonder dat hulle volksbestaan bedreig word, laat geen ander uitweg as om die naturelle op die duur algeheel te skei nie. Die naturelle moet vry wees om op hulle eie bodem volgens eie aard en moontlikhede te ontwikkel. **Die kanse en geleenthede sal die naturelle gegun moet word, en as die blankes om begryplike redes nie kans sien om dit aan die naturelle binne die blankes se gebied te gee nie, is die enigste uitweg om 'n gebied of bodem te vind, waar hy vry sal wees om daardie natuurlike ontwikkeling te hê.**

### DIEP RAAK

So 'n beleid sal die lewe van die blankes en die naturelle baie diep raak, **en die uitvoering van so 'n program sal oor 'n baie lang periode uitgerek moet word sodat die ekonomiese steurings wat daardeur veroorsaak mag word, tot 'n minimum beperk bly.** En waar daar ekonomiese opofferings noodsaaklik en onvermydelik is, moet dit in die gees aanvaar word **dat ekonomiese sekuriteit niks sonder rasse-sekuriteit, beide vir Wit en Swart, in hierdie land beteken nie.** Die ekonomiese aspek van so 'n beleid mag 'n komplicerende faktor maar geen deurslaggewende faktor wees nie. Die ekonomiese las van die Groot Trek en van oorloë en die oogmerke daarvan is afdoende bewys vir hierdie stelling.

### IS DIT MOONTLIK?

Baie mense struikel nog oor die vraag: Is dit moontlik? Ons hoop dat ons in voorgaande daarin geslaag het om aan te dui dat hierdie vraag nie tersake is nie. Eerlike oorweging van al die probleme lei tot geen ander uit weg nie. Al wat vir ons oorbly om te vra is: **Hoe moet ons dit doen?**

Die res van die referaat word dan aan hierdie belangrike vraag gewy.

### BESLUITE

Ten aansien van die Kommunisme het die kongres die owerheid versoek (1) dat Kommunistiese propaganda verbied moet word; (2) dat die staat neerlê dat 'n persoon wat 'n betrekking in die staat of onderwys beklee en Kommunisme versprei hom aan 'n oortreding skuldig maak; (3) dat bestaande wetgewing verskerp en strenger toegepas word in verband met die opruiing van die nie-blanke bevolking teen die blankes; en voorts het die kongres dit as sy oortuiging uitgespreek dat 'n aktiewe en positiewe beleid van ontwikkeling van die Bantoe en hulle verskillende nasionale verbande 'n groot bolwerk sal vorm teen die uitbreiding van Kommunisme en daarom het die kongres die regering versoek om so 'n beleid van ontwikkeling aan te pak en deur te voer.

### ONDERWYS

In verband met naturelle-onderwys het die kongres aanbeveel dat aangesien die koste van naturelle-onderwys reeds byna uitsluitlik deur die staat gedra word, die staat nou ook die beginsel van volle verantwoordelikheid daarvoor sal aanvaar. Daarom het die kongres die regering versoek om die beheer van naturelle-onderwys oor te neem van die verskillende kerkliggame aan wie dit tot hiertoe toevertrou was.

# SAL POGINGS VAN HERTZOG VOORTSIT

**'n Oorsig van die pogings wat in die verlede aangewend is om oordrag van die Britse protektorate aan die Unie bewerkstellig te kry, is verlede week deur die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, in die parlement gegee, toe hy ook aangekondig het dat die regering sal poog om die onderhandelings met die Britse regering te hervat waar dit in 1939 deur die oorlog onderbreek is.**

Dr. Malan het verwys na pogings wat deur genl. Smuts en genl. Hertzog voor die oorlog aangewend is. In 1934 het genl. Smuts beklemtoon dat indien inlywing nie geskied nie, daar 'n agitasie kan ontstaan vir die uitsluiting van die protektorate van die Unie-markte. Ook genl. Hertzog het die dreigement voor oë gehou dat die markte van die Unie vir die gebiede gesluit sal word as die saak nie tot 'n oplossing gebring word nie.

Dr. Malan het gesê dat die besware waaragter die Britse regering skuil, onder andere dat die naturelle eers geraadpleeg moet word, die verskil in sienswyse oor die verhoudings met die naturellebevolking weerspieël wat daar sedert die Nasionale Konvensie al bestaan het tussen die Britse en Suid-Afrikaanse regering. Presies dieselfde verskil in uitkyk bestaan tussen die Britse regering en Rhodesië — 'n verskil wat onversoenbaar is.

### VER GEVORDER

In 1935 het genl. Hertzog die Britse minister tot die onderneming orreed dat poginge aangewend sou word om die naturelle gunstig teenoor inlywing te stem. Ter uitvoering hiervan is deur die Unie-parlement £35,000 bewillig vir die ontwikkeling van die protektorate, maar dit het toe geblyk dat die Britse regering nie sy deel van die ooreenkoms nagekom het nie. Later het genl. Hertzog so ver gevorder dat daar ooreengekom is dat 'n gesamentlike adviserende liggaam gestig sou word, bestaande uit drie departementshoofde van die Unie en die drie hoofkommissarisse van die protektorate, en 'n gesamentlike verklaring in dier voege is op 27 Maart 1939 uitgereik. In Mei daardie jaar is die eerste verslag van hierdie liggaam uitgebring, maar die Britse regering was nog besig om dit te oorweeg, toe die oorlog uitgebreek het.

Dr. Malan het gesê dat hy met toestemming van die kabinet sal poog om die onderhandelings te hervat waar dit deur die oorlog onderbreek is.

Genl. Smuts het hom met die strewe vereenselwig.

# MALAN SÊ HY HET MET O.B. IN 1941 GEBREEK OOR AKSIE

**Dr. D. F. Malan, Eerste Minister, het verlede week in die Parlement verklaar dat hy die land gedurende die oorlogsjare van 'n ramp soos in 1914 plaasgevind het gered het. Hy het nl. met die Ossewabrandwag onder leiding van dr. Van Rensburg gebreek omdat die beweging van ondergrondse bedrywighede en rewolusie gebruik wou maak om 'n republiek in Suid-Afrika te kry.**

Glo dr. Malan nog dat die Britse parlementêre stelsel van regering 'n karikatuur van die demokrasie is; dat die president van die Suid-Afrikaanse republiek alleen aan God verantwoordelik moet wees, soos hy (dr. Malan) voorgestel het toe hy leier van die Opposisie was; en dat Suid-Afrika 80 persent van die beginsels van die Nazistaat moet aanvaar soos beliggaam in mnr. Pirow se Nuwe Orde? het mnr. Marais Steyn, Verenigde Partylid in die parlement gevra, tydens behandeling van die premier se pos.

### GEVAARLIK

Na aanleiding van hierdie vrae het dr. Malan geantwoord dat hy in 1941 gesê het dat mnr. Pirow se Nuwe Orde-beleid vir 80 persent ooreenstem met die van die Nasionale Party maar dat dit vir die res gevaarlik is en dat die Nasionale Party hiermee nie kon saamstem nie.

Daar was 'n seksie van die bevolking wat gemeen het dat Duitsland sou wen en Nasionaal-Sosialisme het sy kop begin uitsteek in die Nuwe Orde-groep en die Ossewabrandwag. Spr. se leiding was om die Nuwe Orde te bestry en het die mense van die begin af gewaarsku.

### BREUK

Daar is met die O.B. 'n ooreenkoms getref dat hy nie van ondergrondse bedrywighede en revolusie gebruik sou maak nie. Onder die Van Rensburg-leiding was dit juis die oorsaak van die breuk van die Nasionale Party met die O.B. dat laasgenoemde die kontrak verbreek het. As die H.N.P. nie in die oorlog daar was nie, sou Suid-Afrika binnelands op 'n ramp afgestuur het. Die Opposisie behoort bly te wees dat die H.N.P. daar was.

### OPSTAND

In die afgelope oorlog kon toestande gevaarlik word soos in 1914, toe Afrikaner Afrikaner geskiet het, en spr. moes as verantwoordelike man leiding gee. 'n Groep wou 'n republiek hê en in so 'n wêreldopskudding kon 'n deel van die volk in opstand kom.

Wat sou gebeur het as daar nie versigtige en ferme leiding gegee is toe die Leier van die Opposisie mense in die kampe gestop het sonder behoorlike verhore nie?

NOG 'N PAAR LINNEPAKKE WAT U BAIE VAN SAL HOU!

*BY*

Steyns

DIE MODEWINKEL

*Parow*

TE LAAT VIR KLASSIFIKASIE

ALGEMEEN

**'n Wonder-aanbod.—'n** Volledige reisende rolprent-uitrusting; 'n groot paneel Ford met 'n 18-Voet karavaan agteraan, 'n groot verskeidenheid natuurkleur wetenskaplike rolprente van Boesmans en wildslewe. Alle nodige apparate is ingesluit. Alles in puik toestand. Sal koper een maand lank ten volle onderrig en kan koper homself eers prakties oortuig van honderde ponde wins maandeliks. Prys £2,000. Terme kan gereël word. Skryf: **H. J. MacDonald, Middelpos, Upington.** 19/4/1

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**

**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

**GEHOORAPPARAAT**

**OOK IN VOORRAAD**

**Die Voortrekker-Apteek**

**Kerklaan, KAAPSTAD.**

**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**

**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

**GEBIEDSRAADVERGADERING**

**OOS-KAAPLAND**

sal gehou word in die Sysaal van die Stadsaal,

**CRADOCK**, op **Saterdag, 29 April**, om **11 vm.**

**SPREKERS:**

J. A. SMITH

W. R. LAUBSCHER

Alle offisiere moet teenwoordig wees; Brandwagte word ook uitgenooi na die vergadering.

Kotzé

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

**ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD**